# DIE TOEKOMS VAN *DIE KERKBLAD* EN JOU AANDEEL DAARIN

Geliefde broeder, suster

**Die Redaksiekommissie se besluit op 24 Januarie**

Die nuwe Redaksiekommissie van *Die Kerkblad* het op 24 Januarie besluit dat ons hierdie presiese elektroniese weergawe, asook die Maartuitgawe, gratis beskikbaar wil stel aan elke Gereformeerde huis in ons land, en natuurlik Namibië. Ons wil graag aan u ’n kykie gee in wat u van *Die Kerkblad* te wagte kan wees. Ons vertrou ons dominees en kerkkantore aan wie ons dit stuur, sal sorg dat u dit ook op u skerm kry.

Hierdie kosbare inhoud kan elke maand deel van u huis wees. U kan nou op hierdie elektroniese weergawe van *Die Kerkblad* inteken @ R150 per jaar.

Ons het ook besluit en is reeds besig om te werk aan ’n selfoontoepassing waarmee u sleutelnuus van *Die Kerkblad* in vinniger, korter weergawes kan ontvang. Hou die spasie dop!

En dan, wat vir u ’n groot verwarring kan wees en inderdaad ook is: Die gedrukte weergawe van *Die Kerkblad.*

In die skrywe van die Redaksiekommissie verklaar ons hand en mond op bl 3: *Die voortbestaan van die harde kopie van Die Kerkblad word gewaarborg, en moet uitgebrei word.*

**Die Sinodebesluit**

Intussen lees u dat die Sinode besluit het dat die gedrukte weergawe van *Die Kerkblad* op sy 150ste verjaardag, April hierdie jaar, gestaak gaan word.

Ons moet dit eerstens duidelik stel: Die moontlike sluiting van die gedrukte weergawe van *Die Kerkblad* was as sodanig nie op die agenda van die Sinode nie, anders sou ons ook daar gewees het. Dit het tydens die Sinodesitting ter sprake gekom toe die betrokke kommissie sien dat *Die Kerkblad* weens dalende intekenaargetalle jaarliks vir ’n tekort moet begroot, wat op die langtermyn nie volhoubaar is nie. Die Redaksiekommissie het groot begrip daarvoor, maar dit is regtig jammer dat die redakteur of lede van die kommissie nie geken is in die besluit nie, nie eers bewus was dat dit bespreek gaan word nie, en die Sinode gevolglik nie bewus was van die planne wat ons op 24 Januarie in plek gestel het nie, waarvan hierdie gratis weergawe wat u nou lees, net maar een is.

**Hoe nou gemaak?**

Die redakteur het op die voornag van die laaste dag van die Sinode ’n dringende pleidooi na die moderamen gestuur dat ons tot einde Junie kans gegee word om die syfer te begin omkeer. Die voorsitter van die Sinode, ds. Piet Venter, het na raadpleging van die moderamen gemeld dat hulle nie die saak weer gaan open nie (onthou dit was die laaste dag!), maar die skrywe na die nuwe Deputate Kerklike Tydskrifte verwys.

Die slegte nuus: dis ’n finansiële besluit. As daar nie geld is nie is daar nie geld nie. Punt.

Maar die goeie nuus: dis NET ’n finansiële besluit Dis nie ’n prinsipiële besluit nie. Dit beteken dat as *Die Kerkblad* dringend sy finansiële posisie kan herstel op pad na gelykbreek en selfonderhouding, daar geen rede kan wees dat die gedrukte weergawe nie kan oorleef nie. Die redakteur het ook die saak positief met die vorige voorsitter van die Admin Buro, br. Louis Kruger, opgeneem, sowel as met die nuwe voorsitter van die Deputate Kerklike Tydskrifte na wie dit verwys is, ds. Jan Ehlers.

Die Redaksiekommissie is baie ernstig oor die gedrukte weergawe. Navrae en steekproewe het aangetoon dat dit vir baie van ons dekadelange ondersteuners nie net die weergawe is wat hulle verkies nie, maar die enigste weergawe waartoe hulle toegang het.

**Wat vra dit van ons, redaksie en lidmate?**

Wat vra dit van ons, die redaksie? Dat ons met ekstra uitnemendheid en aktualiteit *Die Kerkblad* onmisbaar in elke Gereformeerde huis sal maak. Daartoe verbind ons onsself, en u is die beoordelaar met die twee uitgawes wat u nou elektronies ontvang.

Wat vra dit van ons lidmate? Dat u deur dringende, toegewyde ondersteuning deel sal wees van die sterker inkomstestroom wat die skip van *Die Kerkblad* in al sy formate weer op eie stoom sal kan laat vaar. Dit kan u doen deur intekening op die elektroniese weergawe wat u nou lees, of deur aan te dui dat u die hardekopie glansuitgawe sal ondersteun indien dit kan voortgaan. Die elektroniese weergawe is R150 per jaar (11 uitgawes). Die koste van die tydskrif in u hand beloop tans R350 per jaar, plus die koste om dit by u te kry, waarmee ons ook goeie planne in plek wil stel.

Op hierdie wyse kan u sorg dat u ’n medewerker daartoe kan wees om te keer dat *Die Kerkblad* vir die eerste keer in 150 jaar (behalwe die drie jaar van die Anglo-Boereoorlog) nie fisies in die hand van ons lidmate sal wees nie.

Kyk op die onderstaande inigtingstrook hoe u nie net deur *Die Kerkblad* toegerus en bewapen kan word nie, maar ook dat u kinders se kinders na nog 150 jaar kan sê: Daardie dag toe *Die Kerkblad-in-die-hand* reeds uit was op sy voete, was my oupa en my ouma deel van die span wat die Here gebruik het dat die stem van *Die Kerkblad* steeds gehoor kon word in elke huis, ook daar waar baie van ons getroue lesers, veral seniors, uitgesluit sou wees.

Die besluit van die Sinode sê vir ons, heeltemal tereg: **Subsidie is uit**. En ons antwoord: **Subskripsie is in**! Uiteraard is dit ’n dringende saak, ’n saak van twee maande, anders sit ons voor die Deputate en die Admin Buro in die verleentheid van *Moet ek gaan met leë hande?* En dié lied is ongelukkig nog nooit deur die Sinode goedgekeur nie!

Ons wag in spanning op u intekening(s) op die elektroniese weergawe en/of u aanduiding dat u sal inteken op die hardekopie uitgawe indien ons dit maak. Die nodige intekening/antwoordbriefie volg hierna.

**Ds Cassie Aucamp (Redakteur)** (Namens die Redaksiekommissie)

NAAM: ……………………………………………………………… **GEMEENTE:**……………………………………………

**E-POSADRES:**………………………………………………………………………… **TEL:**……………………………….

**Merk die toepaslike blokkie(s) met ’n kruisie**

- Hiermee teken ek in op 12 maande se elektroniese weergawe van *Die Kerkblad.* (Van April 2023 tot Maart 2024.) (’n Bewys van my betaling van **R150** is aangeheg.)* ☐
- Hiermee teken ek in op 12 maande se elektroniese weergawe van *Die Kerkblad*

  vir ………………………………………….. by e-pos ………………………………………………… ☐
  (’n Bewys van my betaling van **R150** is aangeheg.)*
- Hiermee onderneem ek om in te teken op die harde kopie van *Die Kerkblad* vir 12 maande (van April 2023 tot Maart 2024) indien dit steeds gedruk word.
  Die koste beloop **R350 per jaar plus versendingskoste indien van toepassing**.
  Ek wag vir die nodige kommunikasie, versendingsinligting en gepaardgaande koste. ☐

****BANKBESONDERHEDE: ABSA, rek no 670 140 040**

**Verwysing:** Naam, gemeente en e-posadres. **Stuur bewys na tydskrifte@gksa.co.za**